# HILLCREST HIGH SCHOOL

JUNIE EKSAMEN 2018

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

JUNIE 2018

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | [35] |
| AFDELING B: | Gedigte | [35] |

2. Beantwoord AL die vrae in hierdie vraestel.

3. Volg AL die instruksies noukeurig.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ROMAN

### LIEN SE LANKSTAANSKOENE - Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord AL die vrae wat daarop volg.

**TEKS A:**

"Klas, die tyd raak min. Een van die dae moet julle die grootmenswêreld pak. Hoeveel van julle weet al wat julle volgende jaar gaan doen?"

Hier en daar steek iemand lusteloos 'n hand in die lug.

"Nou goed, ons gaan die volgende paar periodes iets aan die saak doen," sê hy beslis.

Hy deel vir elkeen 'n vormpie uit. Daarop moet hulle hulle naam invul en watter beroep hulle eendag wil beoefen.

"Jy móét iets invul, al weet jy nog nie wat nie. Skryf iets waarin jy belangstel."

Lien skryf byna outomaties "prokureur" op haar vormpie. Dit klink vir haar skielik soos brandweerman of ruimtevaarder of speurder. Prokureur was al die jare die plan gewees, maar al-daai-jare is lankal verby.

Sy oorweeg dit om die woord dood te krap en iets soos "tuisteskepper" of "sakkiespakker by Checkers" te skryf. Sy twyfel of meneer Bruwer sal dink dis snaaks.

Sy wil eintlik "weg" skryf. Hoe kry 'n mens "weg" reg?

1. Watter vak bied meneer Bruwer aan? [1]

2. Waarom is die leerlinge nie baie entoesiasties in meneer Bruwer se klas nie? [1]

3. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

   Lien is in [Hoërskool Jakaranda / Hoërskool Pretoria] en wil nie daar wees nie. [1]

4. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, byvoorbeeld 5A.

   "Sy wil eintlik "weg" skryf. Hoe kry 'n mens "weg" reg? [Reël 16]

   Hoe probeer Lien in die verhaal "weg" regkry?

   A. Sy gaan so min as moontlik woonstel toe.
   B. Sy lees op oor lande waarheen sy die volgende jaar wil gaan.
   C. Sy doen navorsing oor 'n beroep as 'n prokureur.
   D. Sy oorweeg dit om weg van die huis te loop. [1]

5. Behalwe die eerste opdrag wat meneer Bruwer sy klas gee, [reël 8-9] gee hy 'n tweede opdrag wat Lien dwing om aktief deel te neem.

   Wat was hierdie opdrag. [1]

6. Skryf die volgende vier gebeur in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

   - Lien stap na 'n straathoek met Braam se ou rooi sportsak.
   - Die vriendelike predikant kom kuier.
   - Lien kry die rol van Maria in die skoolopvoering.
   - Wouter neem Lien Wimpy toe om jammer te sê. [4]

7. Waarna verwys die "standaard-skoolnommertjie" van die hoofstuktitel waaruit bogenoemde uittreksel kom?
   Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

8. Dit is duidelik dat Lien skool haat.
   Waarom haat sy skool? [1]

9. Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Hein | Christiaan | Sally | tannie Bets | Miemie |

9.1……….het al harde baard van jare se skeer. 9.2……dra dikker-as-dik brillense. 9.3…… sê dat sy al klaar die "life skills" het wat sy wil hê. [3]

10.1 Waarom nooi Miemie later in die verhaal vir Lien uit na die Wimpy vir *steak* en tjips? [1]

10.2 Alhoewel Miemie se ouers nog bymekaar is en geld nie 'n probleem vir Miemie se ouers is nie, het sy en Lien tog iets in gemeen. Wat is dit? [2]
**[17]**

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord Al die vrae wat daarop volg.

**TEKS B:**

Sy bêre die uitdrukke in haar tas en gaan wag vir juffrou Breytenbach se rooi Renault by die onderwysers se parkeerafdakke. Die juffrou kom net 'n paar minute voor die skool begin by die skoolterrein ingery.
" Lien," sê sy uitasem, "ek is bly om jou te sien. Kom help dra, asseblief!"
Lien help haar om haar hoop goed by die klas te kry.
"Het jy vir my gewag?" vra juffrou Breytenbach terwyl sy steunend met 'n klomp toetsskrifte en haar handsak onder die arm vasgeknyp klas toe loop.
"Ek wil 'n groot guns vra, juffrou. Ek wil iets uit die rekwisietekamer leen."
Juffrou Breytenbach sit die pak skrifte in haar arms op die muurtjie voor haar klas neer en soek na haar sleutels in haar handsak. "Wat?" vra sy terwyl sy onderlangs na Lien loer en die sleutel in die slot druk.

11.1 Wat is die afdrukke wat Lien in haar tas bêre? [1]

11.2 Waar het Lien die afdrukke laat maak? [1]

12. Wat is die naam van die skoolopvoering waarin Lien 'n rol gekry het? [1]

13. "Ek wil 'n groot guns vra, juffrou. Ek wil iets uit die rekwisietekamer leen." [Reëls 10-11]

13.1 Watter twee goed wou Lien leen? Wees spesifiek in jou antwoord. [2]

13.2 Waarvoor wou Lien hierdie goed gebruik? [1]

14. Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Lien voel later in hierdie hoofstuk dat sy in 'n huis sonder 'n moeder woon. [1]

15. Sekere karakters het Lien probeer help om geld te kry en haar met haar negatiewe houding te help.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neem, byvoorbeeld 16.1 A.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 15.1 | Hierdie karakter los vir Lien 'n groot fooitjie by Tant Malie se koffiewinkel. | A. Dirkie |
| 15.2 | Hierdie karakter vertel vir Lien dat Tant Malie 'n kelnerin vir haar winkel soek. | B. Juffrou Breytenbach |
| 15.3 | Hierdie karakter help haar om 'n borg vir Braam se krieketspan te wees. | C. Tannie Bets |
| 15.4 | Hierdie karakter sê vir Lien dat sy ander onregverdig behandel. | D. Miemie |
| | | E. Wouter |

[4]

16. Lien het werk by *Millenium Creations* gekry.

16.1 Waarom was die werk net tydelik? [1]

16.2 Noem TWEE van haar take by *Millenium Creations*? [2]

16.3 Dirkie was een van die eienaars. Wie was die ander eienaar? [1]

16.4 Lien kon 'n haarsny verniet kry, maar wil hê Braam moet dit eerder neem. Wat sê dit vir ons van Lien se karakter? [1]

17. Lien besluit om te gaan bedel om geld te kry.

Noem twee dinge wat sy met die geld wil doen. [2]
**[18]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B:

## VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

Beantwoord die vrae oor AL VYF gedigte.

### VRAAG 1

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### HUISKAT - ELIZABETH EYBERS

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

### VRAE:

1.1 Waaroor handel hierdie gedig? [1]

1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit die hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Op grond van die strofebou kan 'n mens sê dat hierdie gedig 'n voorbeeld van ['n Italiaanse sonnet / Engelse sonnet is]. [1]

1.3 Waarmee word die kat in strofe 1 vergelyk? Verduidelik hoekom die spreker spesifiek hierdie beeld kies. [2]

1.4 Watter woord in strofe 1 dui daarop aan dat die bewegings van die kat baie gemaklik is? [1]

1.5 Sê in jou eie woorde hoe ons weet dat die kat 'n wyfiekat is? [1]

1.6 Kies die aanhaling in KOLOM B om by die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 1.6.1 A

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 Personifikasie | A. "reggemaak" |
| 1.6.2 Vergelyking | B. " van los en lenig wees" |
| 1.6.3 Eufemisme | C. "dat keel en bors en buik die son kan suig" |
| 1.6.4 Metafoor | D. "vloeibaar soos 'n blink reptiel" |
| | E. "Smal skerwe van agaat" |

[4]
**[10]**

**VRAAG 2:**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKMERK – MARLISE JOUBERT**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

**VRAE:**

2.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord as antwoord neer.

"Boekmerk" in die titel word [letterlik / figuurlik] gebruik. [1]

2.2 Die kinders hou nie van soggens vroeg opstaan nie. Haal die woord uit strofe 1 aan wat dit bewys. [1]

2.3 Verduidelik hoekom die volgende stelling WAAR is.

Die kinders se hande beweeg gedurig. [1]

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

"elke lyfie 'n seilende gesang" beteken dat die onderwyser

A. dink dat die kinders te veel lawaai maak.
B. kinders as kosbaar en prysenswaardig beskou.
C. aan haar kinderdae op seilbote dink.
D. nie van laerskoolkinders hou nie. [1]

2.5 Watter TWEE DINGE uit haar skooldae doen vandag se kinders ook? [Strofe 2]

Skryf TWEE APARTE woorde uit die gedig as antwoord neer. [2]

2.6.1 Haal 'n vergelyking uit die gedig aan. [1]

2.6.2 Watter TWEE dinge word met mekaar vergelyk? [1]

2.7 Haal TWEE versreëls uit strofe 2 aan wat 'n goeie voorbeeld van sinestesie is. [1]

2.8 Wat beteken dit as jy 'n boekmerk in jou lewensboek plaas? [1]
**[10]**

**VRAAG 3:**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE NUWE KIND – PIETER STRAUSS**

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe" hoor ons jou naam,
"'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood,
Maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier...

**VRAE:**

3.1 Hoe weet ons dit is die eerste keer dat hierdie leerder hierdie skool bywòon? [1]

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

"Ons oë pen jou in jou spore vas" sê vir ons dat die klas die seun

A. met ope arms verwelkom.
B. 'n pen gee om sy naam mee te skryf.
C. as 'n indringer beskou.
D. as 'n koningskind aanvaar. [1]

3.3.1 Wat noem ons die leesteken op die woord óns? [Reël 3] [1]

3.3.2 Wat is die funksie van die leesteken? [1]

3.4 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| omarmde rym | kwatryn | paarrym | koeplet | vrye vers |

Hierdie gedig bestaan uit 4 strofes. Elke strofe het 4 versreëls wat 'n 3.4.1 …….. genoem word. Die rympatroon is 3.4.2……wat die gedig in geheel verbind. [2]

3.5 Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat dit nie van Hector 'n uitsondering maak dat hy 'n Tupperware-bakkie gebruik nie. [1]

3.6 In watter leerarea is die nuwe kind baie goed? [1]

3.7 "Hys jy prentjieseile uit jou ribbekas" [Reël 14]

3.7.1 Waarna verwys die ribbekas eintlik? [1]

3.8 In die konteks van die gedig, waarvan dink jy droom Hector? [1]
**[10]**

**VRAAG 4:**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE BOODSKAPPER – PETER SNYDERS**

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa 'n knipoeg
van jou
na my?

Djy is soe naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap
by Venus vir jou-
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

**VRAE:**

4.1 Verduidelik hoekom hierdie gedig 'n voorbeeld van die vrye vers vorm is. [1]

4.2 Wie of wat is die boodskapper in hierdie spesifieke gedig? [1]

4.3 Kies die KORREKTE woord tussen die hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Een van die tegnieke om die "jou" en "my" te beklemtoon is die gebruik van [inkeping / baie beeldsprake]. [1]

4.4 Na wie verwys die "jou" en die "my"? [1]

4.4.1 Waar is die "jy" in strofe 3? [1]

4.4.2 Wat moet die "jy" in strofe 3 doen? [1]
[Jou antwoord moet in standaard Afrikaans wees]

4.5 In watter tipe Afrikaans is die gedig geskryf? [1]

4.6 "was daa 'n knipoeg" [Reël 2]

4.6.1 Watter beeldspraak kom in bogenoemde aanhaling voor? [1]

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Die boodskap wat afgelewer moet word is

A. 'n liefdesboodskap.
B. 'n afsêboodskap.
C. vriendskaplike boodskap.
D. gelukkige boodskap [1]

4.8 Hoe sal die ontvanger weet dit is die regte brief? [1]
**[10]**

**VRAAG 5:**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**RONDOM MY – DAWIE DE JAGER**

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat 'n rukkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil...
net as jy wi.

**VRAE:**

5.1 Na wie verwys die "my"? [1]

5.2 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde dui aan dat dit nie die eerste keer is dat so iets met die spreker en sy geliefde gebeur het nie? [1]

5.3 Watter eienskap van die spreker het hom al baie kere duur te staan gekom? [1]

5.4 Watter element van die liriek word in strofe 2 gebruik? [1]

5.5 Verwys na reël 9.

5.5.1 Waarna verwys die "blou"? [1]
5.5.2 Wat bevestig die blou in haar oë vir die spreker? [1]

5.6 Kies die korrekte sin uit KOLOM B om die sin in KOLOM A korrek te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.6.1 Die spreker beklemtoon dat hy sy tyd gaan vat deur | A. rondom die spreker. |
| 5.6.2 Die geliefde moet hier haar tyd spandeer as sy tyd uitvat: | B. 'n ellips. |
| 5.6.3 Die spreker gee haar aan die einde van die gedig die opsie om | C. 'n elisie |
| 5.6.4 Die stippels in die voorlaaste versreël noem ons | D. herhaling van die woorde. |
| | E. nie in 'n verhouding met hom te wees nie |

[4]
**[10]**

**TOTAAL VAN AFDELING B: [50] verwerk na [35]**

**GROOTTOTAAL : [70]**